



21 April 2002

Posbus 1615
Bethlehem, 9700
Tel/Faks: (058) 303 9640

BESTUURSINLIGTING


KORING SE DEEG RYS WEER!

Die afgelope twee seisoene het koring weer sy regmatige plek in Oos-Vrystaatse boere se wins begin inneem. Die jare daarvoor was hierdie vertakking se winsgewendheid kwaai onder druk en het die algehele rentabiliteit van boere skerp afgeneem omdat koring so 'n vername bydrae tot hulle bruto inkomste lewer.

NUUSBERIG

Die afgelope koringoes van boere in die Oos-Vrystaat het die hoogste wins vir die afgelope sewe jaar opgelewer. Die vernaamste bevindinge by die bestudering van hierdie groep boere se koringvertakking is:

- Hoewel die aanplantings skerp toegeneem het, is die opbrengs dieselfde as in 2001.
- Die wins is die hoogste van die afgelope sewe jaar, hoofsaaklik omdat die prys per ton van R1091 in 2001 tot R1318 in 2002 toegeneem het.
- Totale uitgawes het met bykans R400/ha toegeneem en beloop nou R2024/ha.
- Die grootste stygings was ten opsigte van uitgawes wat aan die wisselkoers verbonde is soos kunsmis, oes-



- versekering, reparasies en brandstof.
- Die bydrae van koring tot totale bruto produksiewaarde is 0.9 persentasiepunte hoër as verlede jaar en is nou 38.5%.
- Hierdie bydrae is steeds nie so hoog soos in 1997 toe koring 50.5% tot die totale bruto produksiewaarde bygedra het nie.
- Die beste derde het 'n wins van R2469/ha getoon terwyl die swakste derde 'n wins van R756/ha behaal het.

- Die verskil in wins tussen die beste en swakste derde kan hoofsaaklik aan 'n verskil in opbrengs toegeskryf word en tot 'n mindere mate aan prys.
- Die langtermyn gemiddelde opbrengs (oor die laaste sewe jaar) is 2.3 ton/ha.

*Philip Theunissen
Bethlehem; April 2002*

	GROEPSGEMIDDELD									
	1996	1997	1998	1999	2000	2001	2002	Lang-termyn gemid	2002 Swakste derde	2002 Beste derde
Totale hektare	374	351	402	296	317	349	526	374	307	303
	R/ha	R/ha	R/ha	R/ha	R/ha	R/ha	R/ha	R/ha	R/ha	R/ha
Koring: Produkverkope	1315	2663	1394	1607	1189	2810	3596	2082	2560	4365
Koring: Versekering ontvang	143	206	356	77	41	134	101	151	45	251
Koring: Ander Inkomste & Voer	10	6	93	42	10	53	5	31	15	1
TOTALE INKOMSTE	1467	2874	1843	1727	1240	2997	3703	2264	2620	4617
Koring: Saad	75	71	88	94	102	115	88	90	72	114
Koring: Bemesting	152	202	266	262	250	291	395	260	337	440
Koring: Onkruidbeheer	40	76	84	64	58	62	87	67	83	72
Koring: Plaagbeheer	53	52	121	72	37	48	107	70	174	76
Koring: Droog, Skoon & Berg	33	46	15	25	18	42	40	31	24	29
Koring: Bemarking	57	68	8	9	6	11	12	24	33	5
Koring: Oesversekering	77	140	168	190	160	200	284	174	211	279
Koring: Stroopkoste	25	63	69	56	43	74	86	59	96	87
Koring: Suijkoste	31	28	78	37	20	40	64	43	26	117
Koring: Vervoerkoste	3	12	8	6	3	13	22	9	19	17
Koring: Losarbeid	1	2	5	1	2	4	2	2	0	5
Koring: Direkte Brandstof	8	8	7	8	11	14	0	8	0	0
Koring: Direkte Reparasies	3	2	3	3	3	7	1	3	0	2
Koring: Verpakking	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
TOTALE DIREKTE UITGAWES	559	770	919	827	712	921	1189	842	1075	1243
Finansieringskoste toegedeel	90	139	153	134	91	89	101	114	71	132
Permanente arbeid toegedeel	117	162	154	143	159	168	191	156	176	257
Reparasies & Brandstof toegedeel	254	284	350	323	330	450	543	362	540	516
TOEGEDEELDE UITGAWES	460	585	657	599	579	707	835	632	787	905
TOTALE UITGAWES	1019	1356	1576	1426	1291	1627	2024	1474	1863	2148
VERTAKKINGSMARGE	448	1519	267	301	-51	1369	1678	790	757	2470
PRODUKSIE (Ton/ha)	1.7	2.9	2.2	2.1	1.4	2.8	2.8	2.3	2.1	3.4
PRODUKSIEMIDDELE/INKOMSTE (%)	16.3	9.8	19.9	22.7	41.1	14.1	13.0	19.6	15.6	12.0
INKOMSTE/BPW (%)	38.2	50.5	43.9	32.5	20.5	37.6	38.5	37.4	35.2	35.6
PRYS/EENHEID (R/ton)	841	1000	830	817	895	1091	1318	970	1231	1346